



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NELSON MANDELA BAAI
DISTRIK**

GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1
JUNIE 2023**

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: Leesbegrip (30)

AFDELING B: Opsomming (10)

AFDELING C: Taalstruksture en -konvensies (30)

2. Lees AL die instruksies sorgvuldig.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 50 minute

AFDELING B: 30 minute

AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL

DEURWINTER ÉN TEGNO-SLIM

Ouer mense bly by met tegnologie en sosiale netwerke, maar gebruik dit op ander maniere as jonger geslagte...

- 1 Ou(er) honde kán blykbaar nuwe truuks aanleer. Om die waarheid te sê, rofweg tweederdes van mense wat 65 en ouer is, kan hul weg oor die internet vind en 'n rekordgetal besit 'n slimfoon, aldus Pew-navorsingsentrum, 'n dinktenk gebaseer in Washington, DC.
- 2 Jong volwassenes mag dalk vinniger en vroeër aangeteken het op sosiale medianetwerke, maar ouer volwassenes is net 'n kortkoppie agter. Ongeveer 41% van *Baby Boomers* (die generasie gebore tussen 1940 en 1965) koop aanlyn. Hulle en millienniërs, wat as jong volwassenes die 21ste eeu betree het, is deesdae ewe gemaklik met 'n kuberkuier in die sosiale media. 5
10
- 3 “Daar is ongelukkig nie amptelike Suid-Afrikaanse statistieke oor ons ouer generasie se aanlyngedrag beskikbaar vir die publiek nie,” verduidelik dr. Ewoudt Cloete, hoof: digitaal by Epic MSL GROUP, 'n kommunikasie-agentskap in Sandton en Seepunt. “Tog kan ons sekere afleidings maak gegrond op internasionale statistieke. 15
- 4 Volgens die Pew-sentrum bestaan 24% van die Twitnergemeenskap uit mense ouer as 50, aldus digitale leier, Eric Qualman. Dié ouderdomsgroep is die snelgroeiendste demografie op Twitter. Generasie X, gebore tussen die middel-60's en die vroeë 80's, en die milliëner-kind is gemaklik met Twitter se tweerigtingkommunikasie, maar *Boomers* is meer geneig om passiewe gebruikers te wees. “Twitter maak kontak tussen mense wat mekaar nie ken nie moontlik,” sê Ewoudt. Dis 'n aanvaarbare platform vir vreemdelinge om oor gemene belangstellings te *chat*. 20
- 5 Die ouer generasie, daarteenoor, gebruik Twitter eerder om op die hoogte te bly met die politieke landskap en aktuele sake. Hulle sal nie sommer in 'n bekgeveg op Twitter betrokke raak nie en sal ook nie maklik kommentaar lewer of *retweet* nie. Hulle soek eerder wêreldnuus en -gebeure. 25
- 6 Facebook is steeds verreweg die gewildste platform onder ouer Suid-Afrikaners. 14 miljoen Suid-Afrikaners het Facebook-profiel volgens Hannelie Otto, lektor in sosiale media aan die Noordwes-Universiteit. “Dit is ongeveer 25% van die bevolking. As handelsmerk is Facebook geposisioneer as dié platform om met vriende en familie in kontak te bly, verduidelik Ewoudt. “Die hoofrede vir die ouer generasie se teenwoordigheid is gemeensaamheid. Hulle reflekteer graag belangrike 30
35

gebeurtenisse van hul geliefdes en hul lewens.”

- 7 Hannelie meen dat die gebruik van digitale media byna die telefoon van ouds vervang. Navorsingsresultate toon egter ook die ouer geslag, anders as die sosialemediagebruikers, maak nie uitsluitlik staat op aanlynmedia om kontak met hul naastes en vriende te hou nie. Dis nogal ’n interessante verskil. 40
Ouer gebruikers verkies steeds om meer “aflyn”-kontak te behou. Daar is ook minder integrasie vir die ouer gebruiker tussen die virtuele en die “aflyn”-wêreld. Hulle is nie so hiperverbind soos jonger geslagte nie. Intendeel, hulle mag dalk spanning ervaar oor vandag se altyd-aan-kultuur.”
- 8 Dit gee aanleiding dat die sg. “ouer” generasie ’n warboel van emosie ervaar. Navorsing toon hulle voel dikwels tegelyk nuuskierig, verward en gefrustreerd oor aanlynmedia. Hoewel die meeste toenemend die waarde daarvan vir sosiale interaksie besef, is daar agterstande wanneer dit kom by motivering, toegang, kennis en vaardigheid om die voordele ten volle te benut. Hulle sal sommeer inligting deel wat nie veronderstel is om gedeel te word nie. Hulle is onkundig oor die donker kant van die kuberwêreld. Hulle besef nie altyd dat daar nie ‘hekwagters’ is om slegte dinge te filter nie. 45 50
- 9 Hannelie Otto glo dat die voordele die nadele ver oortref. Die sosiale media verbeter die lewensgehalte van die ouer geslag. Dit hou ook voordele vir hul geestesgesondheid in. Dit speel ’n vername rol om eensaamheid hok te slaan. Dit hou die ouer generasie in kontak met kleinkinders en skep moontlikhede vir diegene wat nog ’n inkomste wil genereer. 55
- 10 Die beste manier om dié generasie te bemagtig, is om hom al die knope en kunsies van die kuberruim te leer, sê Ewoudt. “Hulle ervaar ’n diep geleë sin in die lewe as hulle *connected* bly met hul familie en gesin. As hulle vertrou is met die voordele wat die sosiale media bied, slaan hulle twee vlieë met een klap: hulle voel steeds déél van die wêreld én hulle bly in kontak met hul geliefdes.” 60 65
- 11 Die keersy, volgens Hannelie, is dat die onus op die nuwe geslag rus om die ouer geslag touwys te maak om sosiale isolasie te voorkom. Sodoende word waarde aan hul lewens toegevoeg, dit gee hulle selfvertroue en ’n gevoel dat hul êrens behoort.
- 12 Hulle voel dat hulle kan byhou, dat hulle kan saampraat, dat hulle nie vergeet word nie. Dit bevorder ook breinontwikkeling en hou hulle geestelik jonk. 70

[Uit: *Taalgenoot*, Lente 2017]

EN

TEKS B: SPOTPRENT



[Uit: *Taalgenoot*, Lente 2017]

VRAE: TEKS A

- 1.1 Verduidelik hoe die opskrif en subopskrif by mekaar aansluit. (2)
- 1.2 Sê in een volsin wat in die eerste sin van paragraaf 1 geïmpliseer word. (1)
- 1.3 Lig TWEE truuks in paragraaf 2 uit wat die ouer generasie geleer het. (2)
- 1.4 Voor watter dilemma het die Epic MSL GROUP te staan gekom? (1)
- 1.5 Die Twitter-gemeenskap is onlangs geskok. Wat het hiertoe bygedra? Noem 'n ooreenkoms én 'n verskil tussen die verskillende geslagte Twittergebruikers. (3)
- 1.6 Verduidelik watter rol Twitter in die ouer generasie se lewe speel en waarom hulle as passiewe gebruikers bestempel kan word. (3)

- 1.7 Verduidelik in jou eie woorde watter boodskap PARAGRAAF 7 oor die ouer digitale gebruiker oordra. (2)
- 1.8 Watter ernstige aanklag word indirek teenoor die jonger geslag in paragraaf 7 gemaak? (1)
- 1.9 Herlees PARAGRAAF 8.
Wat verhoed dat die ouer geslag nie altyd die voordele van die media ervaar nie? (2)
- 1.10 Sosiale media hou ook gevare in vir die ouer generasie.
Bewys hierdie stelling deur DRIE bewyse uit te lig. (3)
- 1.11 Hoe kan die ouer geslag baat vind by sosiale media? (4)

VRAE: TEKS B

- 1.12 Watter visuele bewyse is daar dat die persoon deurwinter is? (2)
- 1.13 Kan die aanname gemaak word dat die persoon ook ander tydverdrywe het? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.14 Wat is die kunstenaar se doel met die spotprent? Dink jy hy slaag in sy doel? (1)

VRAE: TEKS A EN B

- 1.15 Hoe beklemtoon die spotprent van die mens in TEKS B die inligting wat in PARAGRAAF 1 van TEKS A voorkom én hoe weerspreek dit die inligting wat in die onderstreepte sin van PARAGRAAF 12 van TEKS A voorkom? (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke wat leerders moet volg om 'n klomp leerwerk aan te pak**.

- LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraaf-vorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
 2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
 3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
 4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C

MATRIEK: PAK LEERWERK SÓ AAN

1. Prof. Elda de Waal, onderwysregkenner aan die Noordwes-Universiteit, sê leerlinge moet 'n aksieplan net voor die eksamen opstel. Sy sê leerders wat gewoonlik 'n bietjie langer wag voordat hulle begin leer, het nie altyd al die nodige inligting tot hul beskikking om te begin leer nie. Daarom gee kenners raad hoe om 'n groot klomp leerwerk aan te pak.
2. In die eerste instansie moet leerders begin deur 'n deeglike studierooster op te stel waarin uiteengesit word hoeveel tyd hulle het om elke dag te leer. Kenners meen dat, indien hulle 'n gebalanseerde rooster het, kan hulle binne twee weke by al hulle vakke uitkom.
3. Jy moet ook dieper begrip kry van die pas waarteen jy moet werk om die vraestel in die gegewe tyd te voltooi. Om dit te doen, sal dit jou loon om vorige vraestelle uit te werk. So kan 'n leerling op verskillende maniere gehelp word, want sodoende sal jy die werk wat jy geleer het op 'n praktiese manier kan oefen.
4. Prof. Kobus Maree, opvoedkundige sielkundige aan die Universiteit van Pretoria sê daar is 'n duidelike verskil tussen teorie leer of prakties probleme oplos, veral in wiskunde. Hy stel dus voor dat wanneer jy teorie leer, moet jy lees en probeer verstaan wat presies jy lees.
5. Dit help nie jy wil begin leer en jy het nie al jou aantekeninge agtermekaar nie. Kenners stel dus voor dat jy die inligting en werk wat jy nodig het, vroegtydig bymekaar sit sodat jy die dag waarop jy moet leer, nie daarmee hoef te sukkel nie.
6. Die gebruik van sosiale media en rekenaars hoef nie heeltemal uitgesny te word nie, maar jy hoef nie jou studie heelyd te onderbreek deur byvoorbeeld op WhatsApp-boodskappe te reageer nie. Daar word dus voorgestel dat leerders heeltemal wegbly van hul fone en slegs oproepe van hul ouers of studiegroep moet beantwoord.
7. Omstandighede waaronder jy leer, moet gunstig wees, daarom sal dit tot jou voordeel strek as jou studievertrek die regte temperatuur is. Indien jou aandag maklik afgelei word, sorg dat jou lessenaar nie voor 'n venster staan nie.

[Verwerk uit *Die Beeld*, 20 Julie 2019]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die volgende advertensie (TEKS D) en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

TEKS D



JOU PERFEKTE REISGENOOT

Moenie toelaat dat jou avonture versuur word deur pyn en skete nie. Rumamend kan help met die verligting van pyn, inflammasie en sonbrand.

← nou ook beskikbaar, in 'n gerieflike en maklike om te dra, 50 g houers

Beskikbaar by Dis-Chem en apteke in 10ml sakkies, 50 g en 125 g houers

Verbruikerslyn (011) 480 - 4916 of www.rumamend.co.za

Rumamend 100 Aenvalende met yster. Geestdrifts aanvulling
Bestanddele: Magnesium/Vitamin B¹² - 1,2%
*Hanteer ongegrondeerde aansprake in die naam SKIPRA geleeser in die toekoms, verligting of toekoms gebruik daarvan nie.

- 3.1 Gee 'n voorbeeld van 'n ander woord wat na analogie van "REISGENOOT" gevorm word. (1)
- 3.2.1 Hoe word die leser gemanipuleer om te glo dat daar nie 'n verbetering moontlik is op die geadverteerde produk nie? (1)
- 3.2.2 Dui aan hoe hierdie manipulasie beklemtoon word. (1)
- 3.3 Evalueer én verduidelik waarom die illustrasie in die advertensie gepas is. (1)
- 3.4 Watter visuele bewyse is daar in die advertensie dat die medikasie inderdaad voldoen aan die beloftes in die advertensie? Noem slegs een bewys. (1)
- 3.5 Op watter wyse is die voorkoms van die karakters in die advertensie 'n weerspreking van die gewone stereotipering wat met pyn en inflammasie gekoppel word? (1)
- 3.6 Word die woord "versuur" in die advertensie denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.7 Watter sinswyse word in die onderstreepte sin in die advertensie gebruik? (1)
- 3.8 Indien "gerieflike en maklik dra" dieselfde betekenis het, watter taalverskynsel sal dit genoem kan word? (1)
- 3.9 Watter TWEE WOORDE dui vir die leser aan dat die 50g houer nie vroeër beskikbaar was nie? (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E



4.1.1 Watter bewys is daar dat Zitts ontsteld is dat sy rekenaar nie reg werk nie? (1)

4.1.2 Identifiseer die stereotipering wat hier uitgebeeld word. (1)

4.2.1 Definieer sy ouers se verbale reaksie op sy probleem deur na spraakborrels 2 en 3 te verwys. (1)

4.2.2 Verduidelik hoe sy ouers se visuele optrede hierdie reaksie (in 4.2.1) ondersteun. (1)

4.3 Benoem die klankverskynsel in die onderstreepte woord in spraakborrel 11. (1)

- 4.4. Waarom kan ons sê dat die gevolgtrekking dat die rekenaar oorverhit (spraakborrel 12) 'n waarskynlike afleiding is? (1)
- 4.5. Wat impliseer Zitts met sy woorde in spraakborrel 14? (1)
- 4.6. Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in spraakborrel 14? (1)
- 4.7.1 Stem Zitts se ma saam met sy woorde in spraakborrel 17? Motiveer. (1)
- 4.7.2 Watter idiomatiese uitdrukking sou sy kon gebruik om haar antwoord te beklemtoon? Gebruik die woord "dooie" in jou antwoord. (1)

[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS F

'N HALWE SWEMPOOT, MAAR MAIA DIE SKILPAD LAAT WAAI TOT IN MOSAMBIEK

1. Twee jaar nadat Maia die seeskilpad se een swempoot geamputeer is, het sy haar redders (5.2) (verstom) toe sy binne agt dae ná haar vrylating 600 km van Suid-Afrika na Mosambiek geswem het. 1
2. Maia, wie se naam "dapper" in die Maori-taal beteken, is twee jaar gelede op 'n strand in die (5.3) Isimangaliso-vleiland in KwaZulu-Natal gered. 5
3. Haar poot was so styf verstrengel in plastiek dat die weefsel begin doodgaan het.(5.4) Die poot moes dringend afgesit word om haar lewe te red.
4. 'n Satelliet-lugdraad is op haar dop geplak, met 'n beskermde laag bo-oor om te keer dat iets daaraan vassit. Daarmee kon haar bewegings vir sowat die eerste maand ná haar vrylating gemonitor word. 10
5. Malini Pather, senior kwarantyn-akwaris, sê hulle het verwag sy sou reis, "maar ons het nie verwag sy sou so vinnig so ver swem nie".
6. "Die interessantste feit van skilpaaie is dat alles stadig is – hulle swem stadig en hul aansterkproses is stadig. Om met skilpaaie te werk is ongelooflik lonend, maar dit is ook 5.7 moeilik, (5.8) omdat nie almal oorleef nie," sê Pather. 15
7. Pather sê: "Een klein verandering in ons optrede – deur te verseker plastiek eindig nie in die see nie – kan 'n verskil maak."

[Aangepas uit Beeld, 29 Januarie 2022]

- 5.1 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer wat aansluit by die woorde "halwe swempoot" in die titel. (1)
- 5.2 Vorm 'n teenwoordige deelwoord van die woord tussen hakies en gebruik die woord in 'n verklarende sin van jou eie. (1)
- 5.3 Wat is die funksie van die koppelteken in die onderstreepte sin. (1)
- 5.4.1 Herlees die onderstreepte sin in paragraaf 3.
Skryf die sin oor in die bedrywende vorm én brei die sin uit met 'n byvoeglike bysin. (1)
- 5.4.2 Brei nou die sin in die bedrywende vorm uit deur 'n byvoeglike bysin toe te voeg. (1)
- 5.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.5) en die letter (A-D) neer.
Watter EEN van die volgende stellings is FOUTIEF?
- A Beskermende en bewegings is albei afleidings.
- B Satelliet-lugdraad en vrylating is albei samestellende afleidings.
- C senior en stadiq is albei simplekse.
- D Aansterkproses het nie 'n verbindingsklank nie. (1)
- 5.6 In paragraaf 6 kom daar 'n spelfout voor. Skryf die woord korrek neer. (1)
- 5.7 Vorm 'n afleiding van die onderstreepte woord in paragraaf 6 deur 'n voorvoegsel te gebruik wat "voorsien van" beteken en gebruik die woord in 'n verklarende sin van jou eie. (1)
- 5.8 Identifiseer die verbindingswoord wat 'n verduideliking/ oorsaak en gevolg aandui. (1)
- 5.9 Skryf PARAGRAAF 7 se sin met die parentese oor deur ander leestekens/punktuasie te gebruik sodat die betekenis nie verander nie. (1)
- [10]**
- TOTAAL AFDELING C: 30**
- GROOTTOTAAL: 70**

